

DANIËL (GRIEKS)

In die Griekse vertaling van die Ou Testament (•Septuagint) word die boek *Daniël* uitgebrei met drie byvoegings, genaamd *Die lied van die drie jong manne* (ingevoeg ná 3:23), *Susanna* en *Bel en die draak* (wat albei aan die einde van *Daniël* ingevoeg is). Daar is twee belangrike maar duidelik verskillende Griekse weergawes van *Daniël* en die drie byvoegings daarvan. Een weergawe is bekend as dié van •Theodotion en die ander as die Ou-Griekse Vertaling. Terwyl die meeste ouer •Septuagint-uitgawes beide weergawes parallel weergee, verkies die nuwer uitgawes die Ou-Griekse Vertaling. Vir die Afrikaanse vertaling wat hier volg, word egter van die Theodotion-weergawe gebruik gemaak — die meer bekende weergawe in kerklike kringe.

Daniël (Grieks) 3: Die lied van die drie jong manne

Die plek van ontstaan is onbekend; die ontstaanstyd word gewoonlik tussen 170 en 150 vC geplaas. Ook die identiteit van die skrywer en die eerste lesers is onbekend. Daar kan wel afgelei word dat die skrywer(s) Joods was. Dit is onseker of die boek oorspronklik in Hebreeus, Aramees of Grieks geskryf is.

Die “Gebed van Asarja” (DanGr 3:26-45) is 'n boetelied en 'n gebed om ontferming, en die “Lied van die drie jong manne” (DanGr 3:51-90) neem die vorm van 'n psalm aan. Albei is in 'n verhewe styl geskryf en in die “Lied van die drie jong manne” is daar opvallend baie verwysings na dele in die *Psalms*.

Daar is groot klem op die uniekheid van God, nie net in terme van sy krag nie, maar ook in terme van sy genade en geregtigheid. Hy is uniek omdat Hy die God van die verbond is wat gereed is om vir sy volk, Israel, in te

tree. Die ramspoed wat Israel getref het, is die gevolg van hulle sonde, maar as hulle om vergifnis vra, sal God hulle vergewe. God word ook geprys vir sy geregtigheid — wat beteken dat Israel gestraf moet word. Ten spyte van die feit dat Israel nie 'n leier het nie, word die vertroue in God se genade verwoord, iets wat beteken dat Hy vir uitkoms sal sorg.

DanGr 3 kan soos volg ingedeel word:

3:24-45 Gebed van Asarja

3:46-50 Verwarming van die smeltoond

3:51-90 Lied van die drie jong manne

Daniël (Grieks) 13: Susanna

Die ontstaanstyd is moontlik tussen 150 en 100 vC. Die vermoede is dat dit in 'n Palestynse konteks ontstaan het. Dit is nie seker of die boek oorspronklik in Hebreeus, Aramees of Grieks geskryf is nie.

Die identiteit van die skrywer en eerste lesers is onbekend; uit die boek kan wel afgelei word dat die skrywer 'n Jood was.

DanGr 13 is in die vorm van 'n verhaal geskryf. Die styl is eenvoudig en versorg.

Die belangrikste tema van die boek is reg en geregtigheid en hoe belangrik dit is om op God te vertrou. Ander minder belangrike motiewe is dié van die wyse jongeling wat volwassenes op hulle plek sit, asook dié van die vrou wat ten onregte van owerspel beskuldig word.

DanGr 13 kan soos volg ingedeel word:

13:1-27 Susanna se skoonheid

13:28-41 Getuienis van die twee oudstes

13:42-64 Ontmaskering van die twee oudstes

Daniël (Grieks) 14: Bel en die draak

Dit is vermoedelik tussen 150 en 100 vC geskryf. Die plek van ontstaan is onbekend. Moontlike plekke wat genoem word, is Babilon, Palestina en Aleksandrië.

Die identiteit van die skrywer en eerste lesers is onbekend.

Albei verhale (die een oor Bel en die ander oor die draak) is in 'n eenvoudige vertelstyl geskryf. Beide is apologeties, met ander woorde bedoel om as verdediging te dien van die Joodse godsdiens as die ware godsdiens. Alle ander godsdienste word as afgodery afgemaak; slegs die ware God moet aanbid word. In albei verhale is daar dus groot klem op die uniekheid van God.

DanGr 14 kan soos volg ingedeel word:

14:1-22 Ontmaskering van die priesters van Bel

14:23-30 Dood van die draak

14:31-42 Daniël in die leeukuil

3

Die lied van die drie jong manne

Gebed van Asarja

²⁴ Hulle het in die middel van die vuur rondgestap en vir God liedere gesing en die Here geprys.

²⁵ Asarja het gaan staan en reg in die middel van die vuur sy mond oopgemaak en gesê:

26 **“Lofwaardig is U, Here,*

God van ons voorvaders,

en prysenswaardig;

en roemryk is u Naam tot in ewigheid,

27 *want U is regverdig in alles wat U aan ons gedoen het;

al u werke is waar, u weë is reg

en al u oordele is waarheid.

28 U het immers die regte oordele gevel

in alles wat U oor ons gebring het

en oor Jerusalem, die heilige stad van ons voorouers,

omdat U met 'n betroubare oordeel dit alles oor ons gebring het as

gevolg van ons sondes.

29 *Want ons het gesondig en u wet oortree deurdat ons van U

weggedraai het.

Ons het in alles uitermate gesondig en nie na u gebooie geluister nie.

30 *Ons het hulle nóg nagekom, nóg onderhou,

soos U ons beveel het om vir ons eie beswil te doen.

31 Alles wat U oor ons gebring het en alles wat U ons aangedoen het,

het U op grond van 'n betroubare oordeel beskik.

32 *U het ons oorgegee in die hand van vyande

— wettelose, allerhaatlikste opstandelinge^a —

en aan 'n onregverdige koning,

***3:26-45** Esra 9:6-15; Dan 9:3-19

***3:26** 1 Kron 29:10; Dan 4:34; DanGr 3:52-53

***3:27** Neh 9:33; Tob 3:2; Op 16:7; 19:2

***3:29** Dan 9:5-8

***3:30** Neh 1:7; Jes 59:12-13; Bar 1:17-18

***3:32** Lev 26:38; Deut 28:63-64

^a**3:32** *vyande ... opstandelinge*: Kan ook vertaal word “vyandige, wettelose en allerhaatlikste opstandelinge”.

die slegste een op die hele aarde!

³³ Nou kan ons nie eers ons mond oopmaak nie;

ons het 'n skande en oneer geword, ons, wat U dien en eer.

³⁴ Moet ons nie vir altyd aan hulle uitlewer nie — ter wille van u

Naam!

Moet u •verbond nie ophef nie!

³⁵ *Moet u barmhartigheid nie van ons wegneem nie —

ter wille van Abraham vir wie U liefgehad het,

en ter wille van Isak, u dienaar,

en Israel, u heilige,

³⁶ *aan wie U gesê het

dat U hulle nageslag sal vermeerder soos die sterre van die hemel

en soos die sand op die seestrand.

³⁷ *Want ons, Here, het minder geword as al die ander volkere;

ons staan vandag voor die hele wêreld vernederd as gevolg van ons

sondes.

³⁸ *Ons het in hierdie tyd geen regeerder, profeet of leier nie,

ook nie 'n •brandoffer of •slagoffer of •graanoffer of •wierookoffer nie,

en nie 'n plek om •eerstelingoffers voor U te bring en

barmhartigheid te ontvang nie.

³⁹ *Maar mag ons met 'n gebroke hart en in 'n gees van nederigheid

aanvaar word

asof ons met brandoffers van ramme en bulle

en met tienduisende vet lammers kom.

***3:35** 2 Kron 20:7; Jes 41:8; Jak 2:23

***3:36** Gen 15:5; 22:17

***3:37** Deut 28:62; Jer 42:2; Bar 2:13

***3:38** Klaagl 2:9; Hos 3:4

***3:39** Ps 51:19; Hos 6:6; Miga 6:7-8

⁴⁰ *Laat dit vandag ons offer in u teenwoordigheid wees
 terwyl ons U volkome volg,
 omdat daar geen skande sal kom oor dié wat op U vertrou nie.
⁴¹ Nou volg ons U heelhartig; ons het ontsag vir U
 en ons soek u aangesig. Laat ons nie beskaamd staan nie,
⁴² maar handel met ons volgens u goedheid
 en volgens die rykdom van u barmhartigheid.
⁴³ *Red ons deur u wonderdade
 en bring eer aan u Naam, Here!
⁴⁴ *Mag almal beskaamd staan wat u dienaars slegte dinge aandoen;
 mag hulle sonder enige heerskappy en mag tot skande kom,
 mag hulle krag gebreek word.
⁴⁵ *Laat hulle besef dat U, Here, alleen God is,
 verheerlik oor die hele wêreld.”

Verwarming van die smeltoond

⁴⁶ Die koning se dienaars wat hulle ingegooi het, het nie opgehou om
 die smeltoond te stook met nafta,^b teer, tou en stukkies hout nie. ⁴⁷ Die
 vlam het nege-en-veertig el^c bo die smeltoond uitgeslaan, ⁴⁸ *uitgesprei
 en die Galdeërs^d verbrand wat naby die smeltoond was. ⁴⁹ Maar die
 engel van die Here het afgekom en was saam met Asarja en sy vriende in
 die smeltoond. * Hy het die vlam van die vuur uit die smeltoond gewerp

***3:40** Ps 25:3

***3:43** Dan 9:17-19; Bar 2:14-15

***3:44** Ps 35:26; 40:15; 83:18

***3:45** Deut 4:35,39; Jes 44:6; Ps 83:19

^b**3:46 nafta:** 'n Brandbare olie wat van aardolie gemaak is.

^c**3:47 49 el:** Ongeveer 22 m; •Lengtemate.

***3:48** Dan 3:22

^d**3:48 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babilon regeer het vanaf 625 vC.

***3:49 engel ... in die smeltoond:** Dan 3:25

⁵⁰ en die middel van die smeltoond koel gemaak asof 'n klam wind daardeur waai. Die vuur het hulle hoegenaamd nie geraak nie en hulle nie seergemaak of ongemak veroorsaak nie.

Lied van die drie jong manne

⁵¹ Toe het hierdie drie in die oond God uit een mond besing, verheerlik en geprys:

⁵² “*Lofwaardig is U, Here, God van ons vaders,
en uitermate prysenswaardig en verhewe tot in ewigheid!

Lofwaardig is u heerlike en heilige Naam,
en uitermate prysenswaardig en verhewe tot in ewigheid!

⁵³ Lofwaardig is U in die tempel van u heilige heerlikheid,
en uitermate lofwaardig en heerlik tot in ewigheid!

^{54 e} *Lofwaardig is U op die troon van u koninkryk,
en uitermate prysenswaardig en verhewe tot in ewigheid,

⁵⁵ * en lofwaardig is U wat in die dieptes kyk, op die gerubs^f sit,
en prysenswaardig en uitermate verhewe tot in ewigheid!

⁵⁶ Lofwaardig is U in die uitpansel van die hemel,
en prysenswaardig en heerlik tot in ewigheid!

⁵⁷ Loof die Here, alle werke van die Here,

***3:52** DanGr 3:3

^e**3:54** Vanaf DanGr 3:54 het die •Theodotion-weergawe (wat hier as •bronteks geld) 'n ander volgorde as die •Ou-Griekse Vertaling en die •Vulgaat.

***3:54** 1 Kron 29:10; Ps 48:2

***3:55** Eks 25:18; 2 Sam 6:2

^f**3:55 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁵⁸ *Loof die Here, engele van die Here,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁵⁹ Loof die Here, hemele,⁸

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁰ Loof die Here, waters bokant die hemel,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶¹ Loof die Here, al die magte,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶² Loof die Here, son en maan,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶³ Loof die Here, sterre van die hemel,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁴ Loof die Here, reën en dou,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁵ Loof die Here, al die winde,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁶ Loof die Here, vuur en hitte,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁷ Loof die Here, koue en hitte,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁸ Loof die Here, dou en ryp,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁶⁹ Loof die Here, ys en koue,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁰ Loof die Here, hael en sneeu,

***3:58-82** Ps 103:20-22; 145:10; 148

⁸**3:59 hemele:** Die meervoud “hemele” reflekteer die Joodse opvatting dat die hemel uit verskillende vlakke bestaan het; vgl 2 Kor 12:2.

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷¹ Loof die Here, nagte en dae,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷² Loof die Here, lig en duister,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷³ Loof die Here, blitse en wolke,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁴ Laat die aarde die Here loof,

laat dit Hom besing en verhef tot in ewigheid!

⁷⁵ *Loof die Here, berge en heuwels,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁶ Loof die Here, al die plante op die aarde,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁷^h Loof die Here, fonteine,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁸ Loof die Here, seë en riviere,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁷⁹ Loof die Here, seemonsters en alles wat in die waters beweeg,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁰ Loof die Here, al die voëls van die hemel,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸¹ Loof die Here, al die wilde en mak diere,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸² Loof die Here, mensekinders,

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸³ *Loof die Here, Israel,

***3:75** Ps 148:9

^h**3:77** Die •Vulgaat ruil DanGr 3:77 en 78 om.

***3:83** Ps 135:19

en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁴ Loof die Here, priesters van die Here,
en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁵ *Loof die Here, diensknegte van die Here,
en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁶ Loof die Here, geeste en siele van die opregtes,
en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁷ *Loof die Here, heiliges en nederiges van hart,
en besing en verhef Hom tot in ewigheid!

⁸⁸ Loof die Here, Ananias, Asarja en Misael,
en besing en verhef Hom tot in ewigheid,
want Hy het ons aan Hadesⁱ ontruk,
ons uit die greep van die dood verlos,
uit die hart van die vlam van 'n brandende smeltoond gered,
ons uit die hart van die vuur gered!

⁸⁹ *Dank die Here omdat Hy goed is,
omdat sy barmhartigheid tot in ewigheid bly!

⁹⁰ Loof die God van die gode, julle almal wat die Here eer,
en besing en dank Hom want sy barmhartigheid duur tot in ewigheid!”

13

Susanna

Susanna se skoonheid en die twee oudstes

¹ 'n Man met die naam Jojakim het in Babilon gewoon. ² *Hy het getrou

***3:85** Ps 134:1

***3:87** Ps 86:1; Sef 2:3

ⁱ**3:88 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

***3:89** Ps 106:1; 136:1-3

***13:2** Vgl Judit 8:7-8

met 'n vrou genaamd Susanna, dogter van Hilkia. Sy was baie mooi en iemand wat ontsag gehad het vir die Here. ³ Aangesien haar ouers opregte mense was, het hulle hulle dogter volgens die wet van Moses opgevoed. ⁴ Jojakim was baie ryk en het 'n pragtige tuin by sy huis gehad. Die Jode het gewoonlik by hom byeengekom omdat hy die meeste aansien van hulle almal gehad het.

⁵ In daardie jaar is twee oudstes^j uit die volk as regters aangestel. Hulle was van die soort van wie die Here^k gesê het: “Wetteloosheid het uit Babilon voortgekom — van oudstes, regters, wat veronderstel was om die volk te regeer!”¹ ⁶ Hierdie twee het baie tyd in Jojakim se huis deurgebring en almal wat regsake gehad het, het na hulle gekom.

⁷ Wanneer die mense teen die middag vertrek het, het Susanna gewoonlik haar man se tuin binnegegaan en daar rondgestap. ⁸ Die twee oudstes het haar elke dag daar sien ingaan en rondstap, en hulle is oorval deur 'n begeerte na haar. ⁹ Hulle denke het pervers geraak en hulle het hulle oë afgewend om nie na die hemel te kyk en hulle aan regverdige oordele te herinner nie. ¹⁰ Al twee was siek van hartstog oor haar, maar hulle het nie vir mekaar van hulle smart oor haar vertel nie, ¹¹ omdat hulle skaam was om hulle begeerte om intiem met haar te verkeer, teenoor mekaar te erken. ¹² Hulle het haar egter elke dag gretig afgeloer om na haar te kyk.

¹³ Eendag het die een vir die ander gesê: “Laat ons dadelik huis toe gaan; dit is etenstyd.” Hulle het uitgegaan, en is afsonderlik daar weg, ¹⁴ maar al twee het omgedraai en by dieselfde plek uitgekom. Toe hulle

^j**13:5 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^k**13:5 Here:** In Grieks *despotes*. 'n Ander naam vir die Here word hier gebruik.

^l**13:5 Wetteloosheid ... regeer:** Die aanhaling stem nie ooreen met enige gedeelte in die OT nie.

mekaar vra wat die rede is, het hulle hulle hartstog teenoor mekaar erken. Hulle het toe saam 'n tyd afgespreek waarop hulle haar alleen sou kon kry. ¹⁵ Hulle het gewag op 'n geskikte geleentheid. Toe gebeur dit dat sy met net twee diensmeisies die tuin binnegaan soos sy gister en eergister gedoen het. Sy wou in die tuin bad omdat dit warm was. ¹⁶ Daar was niemand anders nie behalwe die twee oudstes, wat weggekruip en haar dopgehou het. ¹⁷ Sy het vir die diensmeisies gesê: “Gaan haal vir my olyfolie en seep, en sluit die tuin se hekke sodat ek kan bad.” ¹⁸ Hulle het gemaak soos sy gesê het, die hekke van die tuin gesluit en by die syhek uitgegaan om te gaan haal wat sy hulle beveel het. Die diensmeisies het nie die oudstes gesien nie omdat hulle weggekruip het.

¹⁹ Toe die diensmeisies uit is, het die twee oudstes opgestaan en op Susanna afgestorm ²⁰ en vir haar gesê: “Kyk, die hekke van die tuin is gesluit, niemand sien ons nie en ons smag na jou. Gee dan toe en verkeer intiem met ons. ²¹ Maar weier jy, gaan ons teen jou getuig en sê dat 'n jong man by jou was en dat dit is hoekom jy die diensmeisies van jou af weggestuur het!”

²² *Susanna het gekreun: “Ek is heeltemal vas! As ek dit doen, beteken dit my dood. As ek dit nie doen nie, sal ek nie uit julle mag kan ontsnap nie. ²³ *Maar dit is vir my beter om dit nie te doen nie en in julle mag te val, eerder as om voor die Here te sondig.” ²⁴ Susanna begin toe luidkeels skreeu, * en die twee oudstes het ook geskreeu, maar teen haar! ²⁵ Een van hulle het gehardloop en die hekke van die tuin oopgemaak. ²⁶ Toe die mense in die huis die geskreeu in die tuin hoor, storm hulle deur die syhek in om te sien wat haar oorgekom het. ²⁷ Toe die oudstes hulle stories vertel, het die dienaars baie skaam gekry omdat iets soortgelyks

*13:22 Lev 20:10; Deut 22:22; Joh 8:4-5

*13:23 Vgl Gen 39:9

*13:24 *Susanna ... skreeu:* Deut 22:24

nog nooit tevore van Susanna gesê is nie.

Getuienis van die twee oudstes teen Susanna

²⁸ So gebeur dit die volgende dag, toe die mense weer in die huis van Susanna se man Jojakim bymekaarkom, dat die twee oudstes^m ook gekom het, gedryf deur die bose bedoeling om Susanna te laat doodmaak.ⁿ ²⁹ *Hulle het voor al die mense gesê: “Laat haal Susanna, dogter van Hilkia, die vrou van Jojakim!” Hulle het haar laat haal. ³⁰ Sy het gekom saam met haar ouers, haar kinders en haar hele familie. ³¹ Susanna was besonder fyn en mooi van voorkoms. ³² Omdat sy 'n sluier gedra het, het die booswigte beveel dat die sluier afgehaal word sodat hulle hulle aan haar skoonheid kon versadig, ³³ maar dié wat saam met haar was en ook die ander wat haar gesien het, het gehuil. ³⁴ Die twee oudstes het tussen die mense opgestaan en hulle hande op haar kop gesit.^o ³⁵ Sy het egter gehuil en opgekyk na die hemel omdat haar hart op die Here vertrou het. ³⁶ Maar die oudstes sê toe: “Terwyl ons alleen in die tuin gestap het, het hierdie een met twee diensmeisies ingekom, die hekke van die tuin gesluit en die diensmeisies laat gaan. ³⁷ Toe kom 'n jong man wat weggekruip het, na haar toe en gaan lê by haar. ³⁸ Ons was in die hoek van die tuin en toe ons die oortreding sien, het ons na hulle gehardloop. ³⁹ Ons het gesien dat hulle intiem verkeer, maar ons kon hom nie vashou nie omdat hy sterker was as ons, en die hekke oopgemaak en uitgestorm het. ⁴⁰ Ons het háár egter gegryp en gevra wie die jong man was, ⁴¹ maar sy wou ons nie sê nie. Dit getuig ons.” Die

^m**13:28 oudstes:** Vgl voetnoot in DanGr 13:5

ⁿ**13:28 te laat doodmaak:** Volgens Lev 20:10 en Deut 22:23-24 moes 'n vrou wat owerspel gepleeg het, met die dood gestraf word.

^{*}**13:29** Num 5:18-22

^o**13:34 hulle ... gesit:** Dit was blykbaar die gebruik dat getuies hulle hande op die kop van die aangeklaagde geplaas het; vgl Lev 24:14.

vergadering het hulle geglo omdat hulle oudstes van die volk en regters was, en hulle het haar tot die dood veroordeel.

Ontmaskering van die twee oudstes deur Daniël

⁴² **Maar Susanna het luidkeels uitgeroep: “Ewige God, U ken dit wat verborge is; U weet alles voordat dit gebeur. ⁴³ U weet dat hulle vals teen my getuig het, en kyk, nou gaan ek sterf, hoewel ek niks gedoen het van dit alles waarvan hulle my kwaadwillig beskuldig het nie!” ⁴⁴ Die Here het haar geroep gehoor.

⁴⁵ *Toe sy weggelei word om doodgemaak te word, het God die heilige gees^p van 'n baie jong man met die naam Daniël opgewek. ⁴⁶ Hy het met 'n harde stem uitgeroep: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie vrou!” ⁴⁷ Al die mense het omgedraai na hom toe en gevra: “Wat beteken hierdie woorde wat jy gesê het?” ⁴⁸ Hy het tussen hulle gaan staan en gesê: “Israeliete, is julle so onnosel? Julle het sonder ondervraging en sonder om die waarheid te bepaal 'n dogter van Israel veroordeel. ⁴⁹ Gaan terug hof toe, want hierdie twee het vals teen haar getuig.”

⁵⁰ *Al die mense het haastig teruggegaan. Die ander oudstes^q het vir Daniël gesê: “Kom, sit tussen ons en vertel ons, want God het jou die gesag van 'n oudste gegee.” ⁵¹ Daniël sê toe vir hulle: “Vat hulle ver weg van mekaar en ek sal hulle ondervra.”

⁵² Toe hulle van mekaar weggeneem is, het hy een van hulle geroep en vir hom gesê: “Jy, wat in boosheid oud geword het — die sondes wat jy

* **13:42-43** Vgl Judit 9:2-14; EstGr 4:27-40

* **13:42** Ps 33:13-15; Spr 15:11; Heb 4:13

* **13:45** Dan 4:5; 5:11,14

^p**13:45 die heilige gees:** Verwys hier nie na die Heilige Gees nie, maar na Daniël se toegewydheid.

* **13:50** Wys 4:8-9

^q**13:50 oudstes:** Vgl voetnoot in DanGr 13:5

in die verlede gedoen het, het jou nou ingehaal! ⁵³ Jy het onregverdige uitsprake gelewer, die onskuldiges veroordeel en die skuldiges vrygelaat, terwyl die Here tog sê, ‘n Onskuldige en regverdige mens mag jy nie om die lewe bring nie.’ * ⁵⁴ Nou, as jy regtig die vrou gesien het, sê dan onder watter boom het jy hulle intiem met mekaar sien verkeer.” Hy antwoord: “Onder 'n gomboom.^r” ⁵⁵ Daniël sê toe: “Reg so! Jou gelieg kos jou jou kop, want 'n engel van God het reeds die vonnis van God ontvang en hy sal jou middeldeur sny!^s”

⁵⁶ Daniël het hom eenkant laat staan en opdrag gegee dat die ander een gebring moet word. Hy sê toe vir hom: “Kind van Kanaän en nie van Juda nie — skoonheid het jou mislei en begeerte het jou hart verderf!

⁵⁷ Dit is hoe julle die dogters van Israel gereeld behandel het. Hulle het uit vrees intiem met julle verkeer, maar hierdie dogter van Juda het nie julle wetteloosheid geduld nie! ⁵⁸ Sê dan nou vir my onder watter boom het jy hulle betrap terwyl hulle intiem met mekaar verkeer het.” Hy antwoord: “Onder 'n terebint.^t” ⁵⁹ Daniël sê vir hom: “Reg so! Jou gelieg kos jou ook jou kop, want die engel van God staan reg met die swaard om jou middeldeur te kap^u en so julle al twee uit te wis!”

⁶⁰ Die hele vergadering het hard geskreeu en God geloof wat diegene verlos wat op Hom hoop. ⁶¹ * Hulle tree toe teen die twee oudstes op

* **13:53** 'n Onskuldige ... bring nie: Eks 23:7

^r**13:54 gomboom:** Dit verwys na 'n klein boom of struik.

^s**13:55 sny:** Die Griekse woord *schizo* vir “sny” en *schinon* vir “gomboom” (vs 54) klink amper dieselfde.

^t**13:58 terebint:** Dit verwys na 'n groot boom ('n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra, ongeveer 5 m hoog) in teenstelling met die klein gomboom; DanGr 13:54.

^u**13:59 kap:** Die Griekse woord *prio* vir “kap” en *prinon* “terebint” (vs 58) klink amper dieselfde.

* **13:61-62** Deut 19:16-21

omdat Daniël hulle deur hulle eie woorde as vals getuies ontmasker het. En die vergadering het met hulle gehandel soos hulle beplan het om aan hulle naaste te doen. ⁶² Die vergadering het toe volgens die wet van Moses gehandel, en hulle tereggestel. So is die verspilling van onskuldige bloed daardie dag voorkom.

⁶³ Hilkia en sy vrou het God geprys vir hulle dogter Susanna — so ook haar man Jojakim en die hele familie, omdat geen spoor van 'n skandelike daad in haar gevind is nie. ⁶⁴ Van daardie dag af het Daniël groot aansien by die volk geniet.

14

Bel en die draak

Ontmaskering van die priesters van Bel deur Daniël

¹ *Toe koning Astuages by sy voorvaders begrawe is, het Kores, die Pers, sy koninkryk oorgeneem. ² Daniël was 'n vertroueling van die koning en geëerd bo al sy vriende.

³ Die Babiloniërs het 'n afgod met die naam Bel gehad.* Elke dag het hulle hom van twaalf mate gesifte meel,^v veertig skape en ses metretes^w wyn voorsien. ⁴ Die koning het hom ook vereer en gewoonlik elke dag gegaan om hom te aanbid, maar Daniël het sy God aanbid. ⁵ Die koning vra hom toe: “Hoekom aanbid jy nie vir Bel nie?”

*14:1 Dan 6:29

*14:3 *Babiloniërs ... gehad*: Jes 46:1; Jer 50:2; 51:44; Bar 6:40

^v14:3 12 ... *gesifte meel*: Ongeveer 900 kg.

^w14:3 6 *metretes*: Ongeveer 240 ℓ; •Inhoudsmate.

Hy antwoord: “Omdat ek nie afgode aanbid wat met hande gemaak is nie, maar die lewende God wat die hemel en die aarde geskep het en heerskappy uitoefen oor alles wat leef.”*

⁶ Die koning het hom gevra: “Dink jy dan Bel is nie 'n lewende god nie? Of sien jy nie hoe baie hy elke dag eet en drink nie?”

⁷ Daniël het gelag en gesê: “Moenie mislei word nie, Koning, want hy is net klei binnekant en koper buitekant. Hy het nog nooit iets geëet of gedrink nie!”⁸ Die koning het woedend geword, sy priesters geroep en vir hulle gesê: “As julle nie vir my sê wie al hierdie kos opeet nie, sal julle sterf! Maar as julle bewys dat Bel dit opeet, sal Daniël sterf, omdat hy Bel belaster het.”⁹ Daniël sê toe vir die koning: “Laat dit wees soos u gesê het.”

Daar was sewentig priesters van Bel, afgesien van hulle vroue en kinders.¹⁰ Die koning is toe saam met Daniël na die huis^x van Bel.¹¹ Die priesters van Bel het gesê: “Kyk, ons gaan nou uit. Koning, sit u self die kos uit, meng die wyn en sit dit neer. Sluit die deur en verseël dit met u seëlring. As u môre terugkom en u vind nie dat alles deur Bel opgeëet is nie, kan ons maar sterf. Anders sterf Daniël wat leuens oor ons vertel.”

¹² Hulle was nie bekommerd nie omdat hulle 'n geheime ingang onder die offertafel gemaak het. Daardeur het hulle gewoonlik ingegaan en die kos opgeëet.¹³ Toe hulle uit is, het die koning die kos vir Bel uitgesit.

¹⁴ Maar Daniël het sy dienaars opdrag gegee, en hulle het as gebring en dit in die hele tempel gestrooi, in die teenwoordigheid van die koning alleen. Hulle is uit, en het die deur gesluit en dit met die seëlring van die koning verseël. Toe het hulle vertrek.¹⁵ Die priesters het oudergewoonte gedurende die nag gekom, saam met hulle vroue en kinders, en alles

***14:5** *Omdat ... leef:* Jes 45:5-6,20-22; Matt 22:32

***14:7** *Hy ... gedrink nie:* Sir 30:19

14:10 *huis:* Verwys hier na Bel se tempel.

geëet en gedrink.

¹⁶ Vroeg die volgende oggend het die koning opgestaan en Daniël saam met hom. ¹⁷ Die koning het gevra: “Is die seëls nog heel, Daniël?” Hy antwoord: “Hulle is heel, Koning.” ¹⁸ En terwyl hulle die deure oopmaak, kyk die koning na die offertafel en roep hard uit: “Bel, u is groot! By u is daar nie bedrog nie, nee, hoegenaamd geen bedrog nie!”

¹⁹ Maar Daniël het gelag en die koning verhinder om na binne te gaan. Hy het gesê: “Kyk na die vloer en let op wie se voetspore dit is.” ²⁰ Die koning het geantwoord: “Ek sien die voetspore van mans, vroue en kinders!”

²¹ Toe het die koning kwaad geword en die priesters en hulle vroue en kinders laat arresteer. Hulle het hom die geheime deure gewys waardeur hulle gewoonlik ingekom het en dit wat op die tafel was, geëet het. ²² Die koning het hulle laat doodmaak en Bel vir Daniël gegee, en hy het hom en sy heiligdom vernietig.

Die draak deur Daniël gedood

²³ Daar was ook 'n groot draak^y wat deur die Babiloniërs aanbid is. ²⁴ Die koning het vir Daniël gesê: “Jy kan nie sê dat hy nie 'n lewende god is nie, en jy moet hom aanbid.” ²⁵ Toe antwoord Daniël: “Ek sal die Here, my God, aanbid omdat Hy 'n lewende God is. Maar u, Koning, gee u my volmag en ek sal die draak sonder 'n swaard of 'n septer^z doodmaak.”

²⁶ Die koning sê toe: “Ek gee jou volmag.”

²⁷ Daniël het teer, vet en hare gevat, dit saam gekook en koekies daarvan gemaak. Hy het dit in die draak se bek gestop en die draak het dit geëet en oopgebars. Toe sê Daniël: “Kyk wat het julle aanbid!”

^y**14:23 groot draak:** Kan ook vertaal word met “groot slang”. Die aard van hierdie gedierte was onbekend.

^z**14:25 swaard of 'n septer:** Dit is simbole van militêre en koninklike mag onderskeidelik.

²⁸ *Toe die Babiloniërs hiervan hoor, was hulle woedend en het hulle teen die koning saamgespan en gesê: “Die koning het 'n Jood geword! Hy het Bel vernietig en die draak doodgemaak en die priesters met geweld om die lewe gebring.” ²⁹ Hulle het na die koning gegaan en vir hom gesê: “Lewer Daniël aan ons uit, anders maak ons jou en jou huisgesin dood!” ³⁰ *Die koning sien toe dat hulle hom behoorlik in 'n hoek gedryf het en onder dwang het hy Daniël aan hulle uitgelewer.

Daniël in die leeuuil

³¹ Hulle het Daniël in die leeuuil gegooi. Hy was ses dae daarin. ³² Daar was sewe leeus in die kuil. Hulle is elke dag met twee liggame en twee skape gevoer, maar in daardie tyd is hulle niks gegee nie sodat hulle Daniël kon opvreet.

³³ Die profeet Habakuk was in Judea. Hy het bredie gemaak en brood in 'n bak gebreek en was op pad na die saailand om dit vir die mense wat oes, te gee. ³⁴ Maar 'n engel van die Here het vir Habakuk gesê: “Vat die kos wat jy het na Babilon, na Daniël in die leeuuil.” ³⁵ Habakuk het geantwoord: “Meneer, Babilon het ek nog nooit gesien nie en van die kuil weet ek nie.” ³⁶ *Die engel van die Here gryp hom toe aan sy kop en neem hom aan sy hare tot in Babilon en sit hom bo die kuil neer — alles soos met die suising van wind.^a

³⁷ Habakuk roep toe: “Daniël! Daniël! Vat die kos wat God vir jou gestuur het!” ³⁸ Toe sê Daniël: “U het my onthou, o God! U het nie dié wat vir U liefhet, in die steek gelaat nie!” ³⁹ Daniël het opgestaan en geëet. Die engel van God het Habakuk dadelik weer teruggeneem na sy eie plek.

*14:28 Vgl Judit 14:10; 2 Mak 9:17

*14:30-31 Dan 6:17

*14:36 Eseg 8:3

^a14:36 *suising van wind*: Dit kan ook vertaal word “ deur/met die geluid van sy gees”.

⁴⁰ Op die sewende dag het die koning gekom om oor Daniël te treur. Hy het by die kuil gekom, ingekyk, en sowaar, daar sit Daniël! ⁴¹ *Hy het met 'n harde stem geroep en gesê: “Groot is U, Here, God van Daniël! Daar is niemand soos U nie!” ⁴² *Die koning het Daniël laat uithaal, en dié wat sy ondergang wou bewerkstellig, in die kuil gegooi. Hulle is dadelik ten aanskoue van Daniël opgevreet.

*14:41 Dan 2:47; 3:28-29; 4:3,34-37; 6:26-27

*14:42 Dan 6:24-25